



Lêerno.: 3/3/2/4/4
Verwysing: 20240229-2090

Omsendbrief: 0015/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale/Lynbestuurders en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *Implementering van die gewysigde Z56-vorm vir die verandering van bankbesonderhede en die opskorting van die gebruik van beëdigde verklarings om bedrog teen te werk ten opsigte van beide fisiese en virtuele bankdienste.*

Onderwerp: Implementering van verdere wysigings aan die Z56-vorm en die proses wat gevolg moet word wanneer werknemers hul bankbesonderhede wil verander

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0020/2002, gedateer 14 Februarie 2002, Omsendbrief 0120/2003, gedateer 07 Mei 2003, Omsendbrief 0036/2006, gedateer 30 Junie 2006, en Omsendbrief 0075/2021, gedateer 19 November 2021, wat betref die noodsaaklikheid om alle salaris- en verwante betalings direk in werknemers se bankrekening te deponeer. Hierdie omsendbrief herroep en vervang die bogenoemde omsendbriewe in soverre dit die gebruik van vorms of prosedures vir die direkte deponering van salarisse in werknemers se bankrekening behels.
2. Die huidige proses om die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) in kennis te stel van 'n verandering van bankbesonderhede vereis dat werknemers die Z56-vorm in die teenwoordigheid van 'n Kommissaris van Ede moet onderteken om die geldigheid van hul bankbesonderhede te bevestig. Ten spyte van hierdie beheermaatreël het die bedrewenheid van bedrieërs ons egter genoodsaak om die proses waarvolgens bankbesonderhede verander word, verder te versterk en te beveilig.
3. Die hersiene Z56-vorm vereis dat die besonderhede van die werknemer se toesighouer, lynbestuurder of prinsipaal verskaf word. Voorts moet 'n verteenwoordiger van die bank waar die rekening gehou word ook bevestig dat die bankbesonderhede wat verskaf is, korrek is.
4. 'n Brief van die bank wat die bankbesonderhede bevestig, moet steeds ingedien word, aangesien bankbesonderhede nie sonder hierdie brief op PERSAL gelaai sal word of verander sal word nie. Geen elektroniese handtekeninge sal aanvaar word nie.
5. Die Z56-vorm moet via die werknemer se toesighouer, bestuurder of prinsipaal by die Direktoraat: Diensvoordele ingedien word. Die enigste uitsondering wat toegelaat word, is wanneer 'n werknemer die Z56-vorm en stawende dokumente persoonlik by die WKOD se instasiesentrum indien. In so 'n geval sal daar van 'n werknemer verwag word om sy/haar identiteitsdokument (ID) met die strepieskode of ID-kaart aan die agent by die kliëntediensentrum te toon sodat sy/haar identiteit geverifieer kan

word en 'n afskrif daarvan gemaak kan word. Die afskrif van die identiteitsdokument moet die Z56-vorm vergesel.

6. **Die WKOD sal voortgaan om die elektroniese indiening (per e-pos) van werknemers se versoeke om bankbesonderhede te verander, aanvaar, mits die versoeke aan al die vereistes voldoen en via toesighouers, lynbestuurders of prinsipale ingedien word. Personeel van die Direkoraat: Diensvoordele sal werknemers oor verdere kontroles adviseer en, indien dit suksesvol is, sal die verandering van bankbesonderhede op PERSAL vasgelê word. Die WKOD behou egter die reg voor om nie bankbesonderhede te verander indien dit nie hierdie kontroles slaag nie. Die aard van hierdie kontroles kan weens sekuriteitsdoeleindes nie in hierdie omsendbrief bekendgemaak word nie, aangesien dit die proses in die gedrang kan bring en bedrieërs kan help.**
7. Wat virtuele bankdienste betref, moet die werknemer voorsiening maak vir die tyd wat dit die bank sal neem om die Z56-vorm te verwerk. Indien die verteenwoordiger van 'n bank nie direk in diens van die bank is nie, moet sodanige verteenwoordiger bewys kan lewer dat hy/sy deur die bank aangestel is om namens die bank as makelaar of verteenwoordiger op te tree. 'n Brief van die bank wat die bankbesonderhede bevestig, moet die Z56-vorm en stawende dokumente vergesel.
8. Toegang tot die gewysigde Z56-vorm kan van die Mensbestuurspraktykestelsel verkry word en kan ook van hierdie stelsel afgelaai word.
9. Wanneer 'n verandering van bankbesonderhede versoek word, moet werknemers verseker dat hulle nie hul bestaande bankrekeninge sluit totdat hul salarisse in hul nuwe bankrekeninge gedeponeer is nie. Indien nodig, kan die WKOD se kliëntediens by 0861 819 919 gekontak word om te bevestig of die verandering van bankbesonderhede op PERSAL afgehandel is. **Die agent by die kliëntedienssentrum sal slegs toegelaat word om te bevestig of te ontken dat die bankbesonderhede wat deur 'n werknemer verskaf is, op PERSAL weerspieël word. Die agent sal egter onder geen omstandighede enige bankbesonderhede aan enige werknemer of enige persoon wat navraag doen, verskaf nie.**
10. Hierdie nuwe proses sal met ingang van **01 Junie 2024** in werking tree.
11. Die WKOD neem alle bedrieglike aktiwiteite wat homself of sy werknemers onder verdenking plaas ernstig op, en werk aan maatreëls om die gevolge van sodanige optrede te bestuur. Gevolgebestuur is 'n proaktiewe instrument in die ontwikkeling van prosesse en stelsels om te verseker dat werknemers se salarisse, in hierdie geval, beveilig is en dat diene wat probeer om bedrog te pleeg, die gevolge van hul optrede sal moet dra.
12. Toesighouers/lynbestuurders/prinsipale moet seker maak dat die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van al hul personeel gebring word, en moet bewyse bewaar dat dit wel gekommunikeer is.

GETEKEN: LJ ELY

WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-04-19